



Sondag 25 April 2021

DERDE "C" - COMMITMENT

Lukas 5:17-26

"TOEWYDING IS 'N WERKWOORD"

Ds Johann Winterbach

WELKOM & SEËNGROET

Hartlik welkom vir elkeen wat op hierdie manier vandag deel is van ons geloofsgemeenskap. Dit is nou al vir meer as 'n jaar wat ons hierdie selfoon-boodskappe uitstuur en so hou ons kontak met mekaar. Mag die Woord van die Here ook vandag in jou lewe in jou hart kom grondvat en vrug dra.

Ek groet julle graag in die Naam van die Drie-enige God – Vader, Seun en Gees en in Sy naam, genade en vrede vir elkeen van julle.

AANVANGSWOORD

Die Here het in 'n wolk afgekom en daar by Moses kom staan en die Naam "die Here" uitgeroep. Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde... (Eksodus 34:5-7)

GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

GEBED

Hemelse Vader, dankie dat ons vandag in die Naam van Jesus Christus tot U kan nader.

Dankie dat ons aan U én aan mekaar verbind is deur die bloed van Jesus – in verbondenheid.

Here God, dankie dat U alles gedoen het om ons verhouding met U te herstel en daarom het ons die vrymoedigheid om in U geselskap te mag wees.

Ons is, soos U maar al te goed weet Here, broos en klein voor U. Ons is regtig soos daardie veldblomme waarvan die Psalmskrywer praat – ons verwelk vinnig wanneer die woestynwind oor ons waai...

Maar Here, U ons krag en ons sterkte – ons skuilplek en vaste vesting! Ons wil vandag na U toe kom net soos wat ons is. Ons wil na U toe kom met ons vreugdes en ons bekommernisse, met ons hartseer en ons drome. Ons wil U graag vertrou met ons lewe, juis omdat U betroubaar is.

Here, kom praat vandag in elkeen van ons se harte wat ons moet hoor...

Here, kom herinner ons weer opnuut WIE U is en HOE U is...

Here, kom rig asseblief ons gedagtes en verstand...

Help ons om te hoor en te sien en te voel wat U vandag vir ons wil kom gee...

Seën ons asseblief met U teenwoordigheid. In Jesus se Naam. Amen.

SKRIFLESING

(kyk aan die einde ook die video deur die meegaande Youtube-skakel)

MARKUS 5:17-26

'N VERLAMDE MAN WORD GESOND GEMAAK

(Matt. 9:1-8; Mark. 2:1-12)

Op een van dié dae, terwyl Jesus besig was om die mense te leer, het daar ook Fariseërs en leermeesters van die wet van Moses gesit wat van oral af uit die dorpe van Galilea en Judea en selfs uit Jerusalem gekom het. En die Here het vir Jesus die krag gegee om mense gesond te maak.

Onverwags kom daar mense met 'n verlamde man op 'n draagbaar aan, en hulle probeer om hom die huis in te bring en voor Jesus neer te sit. Toe hulle vanweë die gedrang nie kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met draagbaar en al deur 'n opening tussen die dakteëls afsak tussen die mense in en vlak voor Jesus. Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: "Mens, jou sondes is jou vergewe."

Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het hulle begin afvra: "Wie is hy dat hy so godslasterlik praat? Wie anders kan sondes vergewe as net God alleen?"

Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk en vir hulle gesê: "Wat redeneer julle by julleself? Wat is makliker? Om te sê: 'Jou sondes is jou vergewe,' of om te sê: 'Staan op en loop'? Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe."

Toe sê Hy vir die verlamde man: "Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe."

Onmiddellik het hy voor hulle oë opgestaan, die draagbaar waarop hy gelê het, gevat en terwyl hy God prys, huis toe gegaan. Almal het verbaas gestaan en God geprys en vol eerbiedige vrees gesê: "Vandag het ons ongelooflike dinge gesien."

VERKONDIGING

As kind was ek altyd gefassineer deur hierdie verhaal oor Jesus wat die verlamde man gesond gemaak het. Dalk was dit omdat ek 'n baie dramatiese prentjie in my gedagtes gevorm het van 'n verlamde man wat deur 'n gat in die dak afgesak word tot by Jesus... Ek het myself altyd voorgestel dat daar so baie mense rondom Jesus en naby aan Jesus was, dat dit die enigste manier was om naby Jesus te kom – laat sak die man af na Jesus toe deur die dak.

Met my voorbereiding die week, het ek egter besef dat daar veel meer in hierdie verhaal is as bloot net die dramatiese gebeure van 'n verlamde man wat deur die dak na Jesus toe afgesak is...

Miskien is dit goed om met die vraag te begin:

HOEKOM SOU LUKAS HIERDIE VERHAAL VIR ONS WIL VERTEL?

Wat lê onder die oppervlak?

Wat is dit wat ons moet weet of moet raaksien aangaande Jesus wanneer ons die verhaal lees of dit hoor?

Dit wil lyk asof Lukas eers ons aandag daarop wil vestig dat Jesus meestal besig was om mense te leer. Hierdie lering het amper altyd gegaan oor die Koninkryk van God wat naby gekom het. Jesus wou vir almal wat Sy pad gekruis het, iets leer van die direkte implikasie dat God nou deur Jesus tussen mense kom staan het. Die Koninkryk van God was besig om konkreet gevestig te word in hulle midde – die geskiedenis van die wêreld was nou besig om 'n nuwe koers in te slaan.

GOD SE GENADE EN GOD SE LIEFDE en nie meer die wet nie, staan nou sentraal. Dinge is besig om te verander... En die verhaal oor die genesing van die verlamde man bewys dit dat dinge aan die verander is.

Lukas skets ook die prentjie dat dit wat Jesus besig was om te leer, 'n hele beweging begin word het. Mense het van oral af uit die dorpe van Galilea en Judea gekom – self uit Jerusalem om na Jesus te luister (en dalk ook met Hom te redeneer en van Hom te verskil). Die punt is – daar waar Jesus beweeg het en geleer het, het dinge gebeur.

Aan die einde van vers 17 lees ons egter ook die volgende woorde: "En die Here het vir Jesus krag gegee om mense gesond te maak." Nou word die fokus ewe skielik so bietjie ruimer – Jesus leer nie nou net nie, Hy kan ook

mense deur die krag van God gesond maak. En dan volg die aangrypende verhaal van die verlamde man wat deur sy vriende tot vlak voor Jesus afgesak laat word deur 'n opening in die huis se dak...

In vers 20 vertel Lukas egter vir ons iets wat 'n mens maklik so op die oog af kan mis. Toe Jesus die geloof van die man se vriende sien... Let op, nie die verlamde man se geloof nie – maar die geloof van sy vriende, sê Jesus “Mens, jou sondes is jou vergewe”.

Julle, hier breek God se genade binne 'n oogwink deur in daardie man en sy vriende se lewe! Dit was ongehoord in die eerste plek dat Jesus sommer net so die man se sondes kan vergewe (ons sien dit in die reaksie van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs). Maar op 'n veel dieper vlak breek daar ook iets van God se genade deur dat iemand oënskynlik op grond van sy vriende se geloof vergifnis van sonde kan ontvang. Anders as die melaatse in die voorafgaande gedeelte óf die blinde Bartimeus, reageer Jesus nie op die geloof van die sieke nie, maar op die geloof en commitment van die man se vriende.

En dit is die eerste belangrike punt wat hier gemaak word. Hierdie verlamde man was verlore en sonder sy vriende sou hy nooit naby aan Jesus gekom het nie – hulle het die commitment/toewyding gehad, hulle het die moeite gedoen en hulle het selfs geglo dat Jesus hom kan gesond maak.

Sê dit nie dalk ook vir ons iets oor ons vriendskappe nie?

Sê dit nie dalk ook vir ons iets oor ons gemeente – die geloofsgemeenskap waaraan ons behoort nie?

Hoe lyk ons toewyding aan mekaar en kan ons dalk iets leer by die vriende van die verlamde man – veral as ons na hulle toewyding kyk?

Commitment/Toewyding beteken dat ons nie tou opgooi of iets halfhartig doen nie. In die Bybelse tyd was die huise van klip gebou met plat dakke wat met 'n mengsel van strooi en modder gemaak is. Huise het ook gewoonlik trappe aan die buitekant gehad sodat jy maklik op die dak kan kom. Die vriende dra die verlamde man teen die trappe op, tot bo op die dak, en maak dan 'n gat in die dakmengsel sodat hulle hom tot by Jesus kan laat sak (vers 19).

Wat is dit wat ek en jy met toewyding kan doen sodat ons vriende ook vir Jesus kan ontmoet op dieselfde wyse as die verlamde man in Lukas 5?

Die tweede ding wat ons ook moet sien in vandag se teks, is wat Jesus dan doen. Jesus se eerste reaksie is nie om vir die verlamde man te sê staan op en loop nie, maar Jesus se eerste woorde is “jou sondes is jou vergewe”. Jesus het mag om vir ons baie meer te gee as om net ons aardse/fisiese behoeftes te bevredig.

Gaan lees weer vers 23 tot 25 om dit beter te verstaan. Jesus vra baie duidelik die vraag: Wat is makliker? Om te sê, ‘Jou sondes is jou vergewe’, of om te sê, ‘Staan op en loop’?

Ons het net nou gesels oor die toewyding van die verlamde man se vriende, maar hier kom ons nou eintlik uit by die hart van die storie waar God se toewyding aan ons deur Jesus Christus sentraal staan. Dit gaan hier in die eerste plek oor die vergifnis van sonde. En dit het Jesus kom doen – nie net die verkondiging daarvan nie, maar die uiteindelijke DOEN daarvan.

Jesus se commitment, Jesus se toewyding, het nie net vir die verlamde man vergifnis van sonde gebring nie, maar ook vir alle mense op aarde – ook vir my en vir jou!

En dít is die rede hoekom Lukas vir ons hierdie verhaal (en die res van die evangelie) vertel! In die eerste plek getuig dit van God se commitment aan Sy skepping en skepsels – Hy sal ons nie aan ons eie lot oorlaat nie. Nooit nie!

So, liewe vriende, wanneer ons soms daaraan dink dat ons lewe aan Jesus toegewy moet wees, dan moet ons eintlik eers begin by God se toewyding aan ons. Ons toewyding aan die Here, ons commitment aan Hom, is bloot 'n reaksie of antwoord op Sy toewyding aan ons.

'n Mens sou dit natuurlik ook verder kon neem... Wanneer ons onself aan die Here toewy op grond van Sy toewyding aan ons, dan stuur dit ons juis weer terug na ons vriende en die mense naby aan ons – selfs ook na die ander mense wat dalk nie eers in ons vriendekring is nie. Ons toewyding aan die Here neem ons dikwels saam tot op die plekke waar Hy ook Sy toewyding aan ander wil wys.

Nou vir die toepassing van die Evangelie op my en jou se lewe...

Is jy dalk die een wat vandag deur jou vriende tot by Jesus laat sak moet word sodat jy kan hoor dat jou sondes jou vergewe is en Jesus jou kan aanraak en jou genees?

Of is jy die een wat vandag iemand met toewyding moet help om tot by Jesus te kom, want hy of sy het nodig om te hoor dat hulle sondes hulle vergewe is en dat Jesus hulle ook wil en kan genees?

Dalk is hierdie genesing nie eers op 'n fisiese vlak nie, dalk is die genesing diep in jou/hulle hart en gemoed nodig...

Neem vandag die vrymoedigheid om Jesus te nader, want Hy het Homself alreeds aan jou toegewy – Hy het al Sy lewe vir jou gegee. Die kruis is kaal en die graf is leeg – vergifnis van sonde is moontlik en is 'n werklikheid!

“Staan op, neem jou draagbaar en gaan huis toe...”

Hoor jy Jesus se woorde?

“Mens, jou sondes is jou vergewe...”

Mag ek en jy vandag opnuut weer verstrekkend word deur van Jesus se toewyding aan ons te hoor.

Mag ek en jy vandag onself ook opnuut weer aan Jesus toewy/commit.

En mag ek en jy vandag weer opnuut hoor hoe God vir ons nooi om te deel in sy commitment aan 'n wêreld in nood.

Mag in ons lewe ook gebeur waarvan Lukas in vers 26 skryf: “Almal het verbaas gestaan en God geprys en vol eerbiedige vrees gesê: ‘Vandag het ons ongelooflike dinge gesien!’”

Want dit lyk nou vir my dat toewyding aan God nie 'n nuwe wet is nie, maar dat dit 'n uitnodiging is tot 'n lewe vol ongelooflike dinge en uiteindelijke lof aan God.

Kom ons hou mekaar vas op hierdie pad, terwyl ons eintlik weet dat God ons vashou in Christus Jesus ons Here!
Amen.

GEBED & REFLEKSIE

Here Jesus, U toewyding aan ons gee vir ons nuwe lewe! Dankie daarvoor, dankie daarvoor...

Mag U ons help om in die dae wat kom gereeld U woorde in ons harte te hoor eggo – “jou sondes is jou vergewe”.

En ons bid ook dat U toewyding aan ons, die katalisator sal wees vir ons dieper toewyding aan U. Mag U Gees ons hierin lei. Amen.

SËENGROET

Die genade van ons Here Jesus Christus,

en die liefde van God ons Vader,

en die troosvolle teenwoordigheid van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly!